Wes-Kaapse Regering
Onderwys

GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL
VRAESTEL 1
MEMORANDUM
SEPTEMBER 2013

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Nasien van die leesbegrip

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE, EK STEM SAAM/EK STEM NIE
- SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word die punte verdeel: 1 punt vir
- WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 1 punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
- As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat **'**n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde ignoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

TEKS 1: Wegrikaans: loslit of korrek?		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
1.1	Dit verwys na die manier✓ waarop die tydskrif *Weg* Afrikaans gebruik.✓	**2**
1.2	Hy lees joernaliste en lesers se stories✓ en kyk na hul foto's. ✓	**2**
1.3	Die heel lekkerste van sy werk by *Weg* is om te lees hoe joernaliste en lesers✓ met woorde✓ op eg Afrikaanse en Suid-Afrikaanse manier lewe gee aan 'n plek of ervaring. ✓	**3**
1.4	In Afrikaans kan die siel van wie Afrikaanssprekendes is ✓die beste verwoord word. ✓	**2**
1.5	"miskien" / "Dis amper asof …" ✓ *(Enige een)*	**1**
1.6	*Weg* steek alreeds die grens tussen standaard-Afrikaans en braaivleisvuur-Afrikaans oor. ✓✓	**2**

1.7	tussen standaard-Afrikaans en braaivleisvuur-Afrikaans ✓✓ OF tussen informele/ loslit-Afrikaans en standaard-Afrikaans ✓✓	**2**
1.8	Dit is woorde wat sommige skrywers gebruik omdat hulle te lui is om die regte, standaard-Afrikaanse woord op te soek. ✓✓	**2**
1.9	Woordeboeke / spelreëls/ die AWS ✓ *(Enige een)*	**1**
1.10	Hy is nie seker wat korrekte Afrikaans is nie/ Hy is nie seker wat die term "korrekte Afrikaans" beteken nie. ✓✓	**2**
1.11	Die Engelse woord *tyre* is een van die woorde wat so ingeburger by Afrikaanssprekendes geword het dat dit al as 'n Afrikaanse woord beskou word. ✓✓	**2**
1.12	Die Weg-leser moet laat weet wat sy/ haar mening oor die tydskrif se taalgebruik is / of hy/sy tevrede met die tydskrif se loslit-Afrikaans is. ✓✓	**2**
1.13	Kandidaat se eie mening. Die motivering bepaal die punt. ✓✓	**2**
TEKS 1: Tabel		
1.14	die Noord-Kaap ✓	**1**
1.15	Gauteng. ✓ Nie een van die tale oorheers die ander nie ✓	**2**
1.16	Kandidaat se eie mening. ✓✓ *Die kandidaat moet die volgende duidelik stel:* • *sy/ haar <u>aanname</u> oor die gebruik van Afrikaans as eerste taal* • *hoe die statistiek hierdie aanname <u>bevestig</u> of <u>weerlê</u> het*	**2**
	TOTAAL AFDELING A	**30**

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming:

SEWE vereistes wat Soli Philander aan 'n goeie komediant stel

- **Opskrif/titel:** Daar word nie van kandidate verwag om die opsomming van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne**, in enige volgorde, skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/ beplanning moet duidelik aangedui word. indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

Punte word soos volg toegeken:
- 7 punte vir 7 feite
- 3 punte vir taal
- Puntetotaal: 10

Verspreiding van punte vir taal:
- 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
- 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
- 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **TEL VAN WOORDE:**
  - Nasieners moet die hoeveelheid woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidate nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien 'n kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word 'n oorskryding van 5 woorde toegelaat en die res van die opsomming word geïgnoreer.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

'n Opsomming wat puntsgewys aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:

SEWE vereistes wat Soli Philander aan 'n goeie komediant stel.

1. Jy moet die grap met jou hele wese vertel.
2. Jy moet maklik tussen ernstig wees en grappe maak, kan skuif.
3. Jy moet humor gebruik om gespanne situasies te ontlont.
4. Plaas jou ego op die agtergrond.
5. Onthou dat jy in diens van die grap en jou gehoor staan.
6. Wees krities en lewer kommentaar op dié dinge wat ons almal in gemeen het.
7. Moet nooit afbrekend wees nie.

[66 woorde]

OF

Moontlike paragraaftipe antwoord

Jy moet die grap met jou hele wese vertel. Jy moet maklik tussen ernstig wees en grappe maak, kan skuif. Jy moet humor gebruik om gespanne situasies te ontlont. Plaas jou ego op die agtergrond. Onthou dat jy in diens van die grap en jou gehoor staan. Wees krities en lewer kommentaar op dié dinge wat ons almal in gemeen het. Moet nooit afbrekend wees nie.

TOTAAL AFDELING B: [10]

AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

VRAAG 3

Nasien van hierdie afdeling:

- Spelling:
  - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word die verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½-punte toegeken word.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar

TEKS 1: KOERANTBERIG		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
3.1	(baie) groot✓	**1**
3.2	dié ✓	**1**
3.3	dekade✓	**1**
3.4	tot ✓	**1**
3.5	bv. Die <u>wyse</u> vrou het ons raad gegee.✓	**1**
3.6	Selfstandige werkwoord ✓	**1**
3.7	amateur(spelers) ✓	**1**
3.8	Titleist-toerusting **is** voorheen deur McIlroy gebruik. ✓	**1**
3.9	Is hulle **nog nie** bereid om dit 'n tweestryd te noem **nie?** ✓	**1**
3.10	vermoëns ✓	**1**
TEKS 2: ADVERTENSIE		
3.11	Die bruid het op Twitter geskryf toe **sy daardie middag** in die kerk instap, het **sy** geweet trou is vir altyd.✓	**1**
3.12		
3.12.1	Verdien elke bruid 'n sprokiestroue met 'n ekstra tikkie panache? ✓	**1**
3.12.2	bv. Dit kan 'n bruid wat die advertensie lees oorreed om ook soos die ander bruide haar troue by 'n ATKV-oord te hou, anders gaan dit nie 'n sprokiestroue wees nie ✓	**1**
3.12.3	bv. wat 'n tikkie ekstra panache bevat. ✓	**1**

3.13		
3.13.1	- nach - ✓	**1**
3.13.2	Frans ✓	**1**
3.14	propvol ✓	**1**
3.15	herinnerinkies ✓	**1**
3.16	C / samestellende afleiding ✓ *(Enige een)*	**1**
3.17	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging ✓	**1**
TEKS 3: STROKIESPRENT (MEESTER EN NEELSIE)		
3.18	akwarium ✓	**1**
3.19	is buite werking/ funksioneer nie reg nie. ✓	**1**
3.20	B / Vraende ✓ *(Enige een)*	**1**
3.21	het geval ✓	**1**
3.22	Wiskunde is ‘n moeilike vak/ ‘n vak vol probleme / ‘n problematiese vak ✓ *(Enige een)*	**1**
TEKS 4: STROKIESPRENT (LOUIS DIE LAEVELDLEEU)		
3,23	My seun steel ‘n trapfiets en jaag <u>daarmee</u> oor ‘n stopstraat in ‘n ander ou vas. ✓	**1**
3,24	Die seun het nie die stopteken verstaan nie**;** gevolglik het hy dit verontagsaam. ✓	**1**
3.25	magtig ✓	**1**
3.26	Ja**,** maar dit was in Engels. ✓	**1**
3.27	snaaksste ✓	**1**
	TOTAAL AFDELING C	**30**

GROOTTOTAAL: 70

.